# Liturgiese Riglyne

## SONDAGOGGEND 9:00

### *Vind vreugde in jou eie en ander gelowiges se unieke en eiesoortige diens aan die Here*

**Skriflesing:** Lukas 10:38-42
Johannes 12:1-7 (Lees ook Johannes 11)

**Teksvers:** Joh 12:2 en 3

**Sing**:
Ps 122: 1,2
Sb 7-2:1
Ps 84:2
Sb 9-4:2,3
Ps 95:1,4
Ps 75:1,45
Sb 13-3

**Orrelis**: Mariki Lessing
**Projektor**: Susan Hoogenboezem
**Klank**: Hein Kaiser
**Prediker**: Ds Paul vd Berg

Elkeen van ons het 'n unieke en eiesoortige gawe van die Heilige Gees ontvang om die Here te dien. In hierdie gedeelte lig die Here die gawes van twee vroue uit, nl Marta en Maria, Lasarus se susters. Die een dien die Here deur te doen en die ander deur te luister.

In ons gemeente het die Here ook 'n verskeidenheid van gawes gegee om saam die Here te kan dien en te loof. Hoeveel vreugde vind jy nog daarin om die Here te kan dien? Dit mag wees dat jy jou vreugde om die Here te kan dien, verloor het. Dit kan wees dat medegelowiges of omstandighede jou fokus en perspektief van die Here wil probeer wegtrek.

Mag jy die beste deel kies wat nooit van jou weggeneem sal word nie. Mag jy geestelike vervulling en vreugde vind in jou diens aan die Here.

## SONDAGAAND 18:00

### *Uitverkiesing en menslike verantwoordelikheid*

**Skriflesing:** Matteus 22:1-14
Openbaring 3:1-6 en 19:5-9

**Teksvers:** Matteus 22:1-14 (14)

**DL** 2 art 5-7 (*en 8-9*)

**Sing**:
Ps 107 :1,3,7
Sb 15-6:1,2,3,4,5
Ps 107:10
Ps 25:2,4
Sb 13-3

**Orrelis**: Danie van der Walt
**Projektor**: Johan Hoogenboezem
**Klank**: Thinus Smuts
**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Uit die belydenis van Dordrecht het ons laaskeer weer gehoor dat God getrou, genadig, goed, lankmoedig, barmhartig en regverdig is (DL 2.1-4). Dit is juis weens sy goedertierenheid (goedheid en trou) dat Hy Christus geskenk het as eenmalige en voldoende offer vir al ons sondes!

Die vraag bly egter by ons: Maar as alles genade is, het ons as mense dan nie ook 'n verantwoordelikheid nie? En dit is waaroor dit in DL 2.5-7en verder gaan. Die mens se taak is nie deur die genade uitgesluit nie, maar juis daarin ingesluit:

Tog kom dit baie sterk in die teksgedeelte na vore en gee ons nou reeds gedeeltelik aandag aan ons taak in heiligmaking – die aantrek van ons bruidsklere.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 44 Nr 15 28 April 2019**
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


## WAAROM WAG?

Ons leef in die tyd waarin ons in besonder dink aan die uitstorting van die Heilige Gees. Het jy al gewonder waarom die Heilige Gees eers 10 dae na die hemelvaart uitgestort is? Waarom moes die dissipels 10 dae wag op die vervulling van die belofte van Jesus Christus volgens Johannes 16:7?

Die uitstorting van die Heilige Gees is een van die wonderlike gebeurtenisse wat in die Bybel verhaal word. Die Heilige Gees het gekom om altyd by ons te wees. Om hierdie wonderlike gawe te kon ontvang, was dit nodig dat die dissipels moes wag om 'n paar dinge te leer.

Ons kan ons nie werklik indink wat in die gemoedere van die dissipels die voorafgaande tyd afgespeel het nie. Die een oomblik was Jesus nog hier op aarde. Hulle het gesien en gehoor en ervaar wat Jesus alles hier op aarde gedoen het. Dan die skok van die gevangeneming van die Here Jesus. Binne enkele ure die verhoor en die kruisiging van hulle Here en Meester. Binne drie dae van verslaentheid, die opstandig van Jesus uit die dood. Dan die 40 dae wat Jesus nog op die aarde is en dan die hemelvaart.

Hierdie tyd van wag was tyd van gebed en voorbereiding op die koms van die uitstorting van die Heilige Gees (Handelinge 1:4). Die wag hou in dat die Here hulle voorberei het om sy getuies te wees, om met oorgawe en vertroue die Here te kan dien. Die wag het ingehou dat hulle die gebeure van die afgelope tyd kon verwerk en werklik tot verstaan kon kom oor wie Jesus Christus werklik is en wat hulle opdrag was.

Mag jy nadink oor die tyd van afwagting wat die dissipels deurgegaan het tot met die uitstorting van die Heilige Gees. Mag jy ook leer om op die inwerking van die Heilige Gees te wag. Mag jy leer om te wag op die uitkoms en troos en bemagtiging van die Heilige Gees ook in jou eie lewe.

In Johannes 16:8-15 sê Jesus dat wanneer die Heilige Gees kom, dan sal Hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde, en dat die reg aan Jesus Christus se kant is, en dat die oordeel al gekom het. Die Heilige Gees sal die dissipels help om te verstaan dat die wêreld skuldig is aan sonde. Die dissipels sal sien dat die wêreld nie in Jesus Christus wil glo nie.

Verder hou wag op die koms van die Heilige Gees in dat die dissipels werklik die ware waarheid sal leer ken en verstaan. Die wag hou in dat hulle gereed is om dit wat deur die Heilige Gees verkondig is, te glo omdat dit van die Vader en die Seun af kom. Hy sal die dinge wat nog gaan kom, aan hulle verkondig. Hy sal Jesus Christus verheerlik in alles wat deur Hom aan ons geopenbaar is. Alles wat die Heilige Gees van Jesus Christus ontvang het, sal Hy aan hulle verkondig. Daarom was die wag die geleentheid om te verstaan, te glo en te gaan doen. Vanuit die uitstorting van die Heilige Gees kon die dissipels volhardend en met oortuiging die blye boodskap van redding en genade aan die wêreld uitdra.

Ds Paul

# *ALGEMENE INLIGTING*

### *EREDIENSTYE*

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Gereformeerde Kerk Centurion – Groei na Christus
**Loof die Here!**

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:00 - 13:00*

Telefoon: 012 664 2614 — Basdenlaan 226

Faks: 012 664 0004 — Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za** — 0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 084 263 2055

---

**DIENSBEURTE**: Ouderlinge: Jan van Rooy — Alethea: Cassie vd Walt

Diaken: Pieter vd Merwe

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES:** **www.gkcenturion.co.za**

**LEWENDIGE VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/esmel.prins @gmail.com vir navrae

**KATKISASIE**: Vandag: Les 9, Ps 146:1

Volgende week: Les 10, Sb 9-4:1

**KLEUTERKATKISASIE (2-5jr)**: Ouers neem asb u kleuters **ná** Skriflesing na die kleuterklas (kamer 5).

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

---

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



# *VERJAARSDAE*

***"...U sorg vir my." Ps 16:5***

***BELYDENDE LIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 28-Apr | Johan | Du Plooy | B10 | 27836191385 |
| | Bernard | du Preez | B06 | 27825576205 |
| | Anne-Marie | Kruger | C04 | 27824871416 |
| | Hendri | vd Walt | A12 | 27832929002 |
| 29-Apr | Judy | Coetzee | A03 | 27832781005 |
| | Talita | vd Walt | C11 | 27817354618 |
| | Carol | v Seventer | B14 | 27845804993 |
| 30-Apr | Wally | Wallace | B20 | 27715783625 |
| 1 Mei | Juanita | Gerber | C14 | 27827227097 |
| | Petro | Krynauw | B13 | 27845796289 |
| | Charvette | Reesink | A08 | 27823194172 |
| 2 Mei | Nadia | Horak | B12 | 27637757061 |
| 3 Mei | Yolanda | Loots | A08 | 27612662161 |
| 4 Mei | Saartjie | Viljoen | B21 | 27837787870 |

***DOOPLIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 30-Apr | Leenandri | Wattel | A12 | 27824154611 |
| 2 Mei | José | Coelho | A04 | 27823247907 |
| | Hanneke | Kruger | B04 | 27824483406 |
| 3 Mei | Anieke | Venter | B17 | 27728007454 |
| 4 Mei | Carla | Hugo | B15 | 27828951364 |
| | Marnu | Nel | B19 | 27828800797 |

## Projek 355

Baie dankie vir die oorweldigende reaksie op ons versoek vir musse vir die skoolkinders van Steynsburg.

Ons het 355 musse gevra en het **534 musse** ontvang. Elke kind kry dus 'n warm mus om by sy/haar skooldrag te dra hierdie winter. Daar is selfs ekstra musse om verlore musse aan te vul.

Baie dankie vir almal se ruim bydrae vir hierdie projek.

Baie dankie en groete,

Sustersbestuur

**TEESKINKBEURTE**



Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

| | | |
|---|---|---|
| 28-Apr | A09 | Zanie Kruger |
| | A10 | Louise van Niekerk |
| | A11 | Louisa van der Walt |
| 5 Mei | | Tieners |

## 17 Mei - Langtafel kuier

- # 3-gang maaltyd
- # heerlike kuier om die tafel
- # klein geskenk
- # R120 per kaartjie (kinders R60)

**Koop jul kaartjies na die diens op die grasperk by die hoofingang**

---

## Geestelike Opbou

**19 Mei 2019**
na afloop van die aanddiens

Prof. Henk Stoker gaan praat oor:
***Kultus-groepe in ons land***

---

## Senior Aksie

Seniors kom weer Maandag, **6 Mei** om **10:00** in die saal byeen



AVBOB borg die dag. Na 'n kort praatjie sal sanger Chris Coetzer 'n program van 40 min aanbied.

Kom geniet die sang en ook lekker kuier daarna oor 'n koppie koffie en iets om aan te smul.

Albie Venter 083 631 6638

**Hoop & Help Life Coaching** en Pastorale berading, gratis, Maandagoggende by die Kerkgebou. Skakel Esther du Plessis by 0718682257.

**Centurion Florist** skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee.(664-0685) centurionflorist@discovery mail.co.za.

**SOETE NOSTALGIE!!!** Gemengde koekies, melktert, sjokoladekoek, wortelkoek, appeltert en malvapoeding. Bestel by Charvette Reesink 0823194172.

**Ekstra wiskundeklasse tuis** - Laerskool-Graad 10. Philmi van Antwerpen 083 996 6769 .

**Onderhoud en herstelwerk** aan huise en geboue: verf, teëls, plaveisel, loodgieterwerk, staalwerk, diefwering en veiligheidshekke, hout en gelamineerde vloere, dak waterdigting, palissades ens. Hennie vd Walt 082 9274 326/hj2vdwalt@gmail.com.

## Steynsburgprojek

'n Massiewe dankie vir die musse. Leerlinge stap in die koue skool toe. Ons laat leerders toe om die musse in die klasse te dra. Skoolklere is soms skraps. Ons hoop julle dames het hierdie projek geniet. Dankie vir die aankoop van die wol en die tyd daaraan afgestaan.

Baie, baie dankie dat julle aan die kinders en persone in die ouetehuis dink. Ons waardeer die gebaar opreg. Dankie dat julle ons gemeenskap so seën met julle goedhartigheid. Die Here is in beheer.

*Laerskool Unie Skool, Koshuis en Marais Steyn Ouetehuis*

Benodighede vir Ouetehuis, Skool en Koshuis:

Skoonmaakmiddels: skottelgoedseep, toiletpapier, seeppoeier, badseep, pine gel, asbliksakke, sponsies, vadoeke, waslappe, sneesdoekies.

Noodhulp: pleisters, panado, watte, salf soos Betadine, sanitêre doekies en tablette vir diaree.

Ander: beddegoed, handdoeke, gordyne, matte, klere vir kinders 5 tot 13 jaar, grys skoolkouse vir seuns en wit skoolsokkies vir dogters, potlode, uitveërs, lepels, opslaantafel.

Hennie vd Walt 082 927 4326

## Crossroads Gevangenis Bediening

Beste gemeentelid,

God gee ons die taak om Sy Woord uit te dra… tydig en ontydig, by die werk, in die omgewing, orals waar Hy aan ons die geleenthede gee.

CROSSROADS PRISON MINISTRIES

Crossroads SA doen dit in die gevangenisse in Suid Afrika en ons is dankbaar dat daar reeds baie hulp vir hierdie werk is waar mentors en vrywilligers betrokke is.

Tans is daar spesifieke hulp nodig op ander vlakke:

***Hoe kan u help*?**

Ons benodig dringend persone om ons te help om as sending medewerker of koerier te help om die Woord van God uit te dra in die gevangenisse in en om Pretoria en Johannesburg in die mans en vroue gevangenisse.

*U benodig geen spesiale kennis vir hierdie taak nie.*

Ons huidige sendingwerkers: Clara, Arie en Marlien is baie besig en benodig dringend mense wat saam met hulle kan gaan om die administrasie, soos uitdeel en ontvangs van lesse te doen terwyl hulle 'n kort Bybelboodskap in die gevangenis lewer. Hierdie werk is ondersteunend tot die sendingwerker.

Kontak asb een van die sendingwerkers of *Anja de Wind 061 031 9498* as u meer inligting benodig.

## Mootlite 2019! Gr 6-9

Datum: Sondag 16 Junie tot Vrydag 21 Junie
Plek: Fraaibos Koste: R700
Tema: Wat is jou WAPEN?
Inskrywingsvorm: https://docs.google.com/forms/d/10RmnotfMSzmDORIxPKQXsTGpSnv6csc5zkObdLgvbLQ/edit
Ds Lohan Linde 0847875119/ mootlitekamp@gmail.com

**GK Lyttelton**
(h/v Stasie & Monumentweg, Lyttelton)
**Wintermark**
24-25 Mei 2019
Stalletjies—R200. Bespreek deur: Wintermark.GKLyttelton@gmail.com



# *Ons gee om vir Mekaar*

*"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6*

- André Cilliers gaan behandeling ontvang (A14—660 0952).
- Koos Lessing sterk aan na 'n operasie (B4—654 7263).
- Bets Wallace het 'n draai in die hospitaal gemaak (B20—071 578 3625).
- Johan Kruger gaan komende week 'n operasie in Unitas Hospitaal ondergaan (B1—082 386 8986).
- **Meelewing word betuig met:**
  - Terblanche en Kotie Kruger en familie na die afsterwe van Terblanche se moeder en Kotie se skoonsuster die afgelope tyd.
  - Familie en vriende van Meisie Welthagen wat oorlede is. Begrafnis is Woensdag, 1 Mei om 10:00 te Olievenhoutbosch begraafplaas en die troosdiens is 11:00 te GK Centurion.

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Geluk*

- Jannie en Ledine Klopper met die geboorte van Christoff op 20 April.

## ELJADA HUIS

Aangesien die huis skenkings vir groente ontvang en dit self bottel om in hulle behoeftes te voorsien benodig ons **DRINGEND die volgende items**: Koffie, suiker, melk, blikkies vleis, badseep. Ek sal bly wees as u dit in u hart sal vind om met hierdie behoefte te help. Petra Swanepoel 0829277324

## Alethea Ministry 11:00

Worship Service
Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

## KOLLEKTES

Kollektes word nog steeds in banke/deure opgeneem vir diegene wat nie Zapper gebruik nie

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Dankbaarheidsfonds

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Emeritaatsversorging

**Plaas asb u bydraekoevertjies in die konsistorie se kluis**

## Dissipelskapaksie – woordbediening onder die werkloses

*Kol 1:27 – 29: "God het besluit om aan hulle (aan die mense wat aan Hom behoort vs 26) bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan is: Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid. Hóm verkondig ons deurdat ons alle mense met alle moontlike wysheid onderrig en leer, sodat ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring. Daarvoor span ek my ook in en beywer ek my met die krag wat Hy gee en wat kragtig in my werk."*

Die dissipelskapaksie het in 2016 begin na dissipelskapkursusse wat deur die Evangeliesasiekommissie gereël is. Onderleiding van Ds Johannes Aucamp het die kursus in aksie omgeskakel en so is LBM (Lyttleton Bridge Ministry) begin. Die eerste groep mense wat die Here oor ons pad gestuur het, het by die Bothalaan brug bymekaar gekom. Met die hawelose mense het ons baie geleer van omgee en liefde vir ons medemens (met wie ons nie altyd ons self vereenselwig nie).

Daar het 'n behoefte onstaan van die "karretjie mense" om ook bedien te word. Die bediening het begin fokus op die mense van "Mushroomville" oorkant Supersport Park en soos wat die mense van die brug begin aanbeweeg het, het die brug bediening oorgeskuif na die "karretjie mense" in Clubview.

Die bediening het wonderbaarlik gegroei met 'n groot span wat betrokke begin raak het. Solly en Ernest van die Alethea Ministry het 'n integrale deel van die span geword wat elke Sondag voor kerk beide die bedienings punte hanteer. Van die Mukhanyo Afstandsonderrig het Mandla en Carl by die bediening aangesluit en is die vertaalwerk tydens woord verkondiging van kardinale belang. Ons het ook ondersteuning vanaf die Biblos projek met die uitdeling van Bybels. Die bediening het ook die groot taak om seker te maak dat daar voedsel aan die mense gegee word en die diakonie se bydrae en skakeling met Moeg Gesukkel (MGS Catering) wat sorg vir kos elke Sondagoggend.

Die doel van die bediening, is om onder leiding van die Heilige Gees, die mense te leer en te onderrig en sodoende God te ontdek, en ook hoe God van ons verwag om te leef en Hom te dien. Dit is 'n Bybelse ontdekkingsreis wat begin by die begin en uiteindelik by die Goeie Nuus uitkom - *Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid.* Die bediening is gebaseer op studiemateriaal wat opgestel is deur die International Discipleship Renewal Program van CityNet Ministries en wat die DBS (Discovery Bible Study) metode gebruik om God in die Skrif te ontdek.

*Luk 10:2 Hy het vir hulle gesê: "Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes*."

Die Here se oes is inderdaad groot en die opdrag van Jesus is vas – *Mat 28:19 "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels…"* Kom word deel van die Dissipelskapaksie en ontdek God saam met ons.

**BIBLOS: Direkte Vertaling van Romeine**

Romeine 1:17, "*Die regverdige sal op grond van geloof leef*", het Martin Luther finaal van koers laat verander en het hy 'n belangrike kerkhervormer geword. Biblos het 'n aantal direkte vertalings van Romeine beskikbaar in Afrikaans. Die publikasie bevat onder andere 'n uiteensetting van '*Die Romeine weg na hervorming: 'n Reis in sewe fases*' en enkele feite oor Martin Luther. Ons nooi u graag uit om gratis daarvan te neem na die erediens voor die kerkkantoor.

Marlou en Esmé van den Berg



## *EVANGELISASIE IN AKSIE – KOM BELEEF DIT!*

Die Evangelisasiekommissie het dit goedgedink om 'n groter bewuswording onder die gemeente te kry van die verskeie aksies en projekte waarby die gemeente olv die kommissie betrokke is.

Daar sal hierdie kwartaal gefokus word op die volgende vier aksies:

1. **Mukhanyo Afstandsonderrig**: GK Centurion is een van vele sentrums van die Mukhanyo Teologiese Kollege waar afstandsonderrig klasse aangebied word. Dit vind plaas elke Saterdagoggend vanaf 09:00 tot 12:00 in die Konsistorie. Ons benodig 'n administrateur wat die administrasie kan behartig en 'n span fasiliteerders om betrokke te raak. Advertensie met al die besonderhede is op die kennisgewingbord.
2. **Uitreik na Covenant College in Zambië**: Covenant College is geleë in die Suid-ooste van Zambië met die hoofdoel om pastore op te lei. Ons is al 'n geruime tyd by hierdie instansie betrokke en beplan 'n uitreik vanaf 26 Junie tot 7 Julie 2019. Kom wees deel van hierdie uitreik deur saam te gaan of skenkings te gee vir die beplande projek. Brosjure voor in die kerk se hoofingang.
3. **Crossroad Ministries – bediening onder die gevangenes**: Tans is daar 8 lidmate in ons gemeente wat betrokke is as mentors. Meer mentors is nodig omdat daar weekliks meer gevangenes inskryf vir die Crossroad Bybelstudies.
4. **Dissipelskapaksie – bediening onder die werkloses**: Elke Sondag word die 'karretjiemense' by twee bedieningpunte met die Woord bedien. Hierdie mense is die werkloses wat herwinningsmateriaal vir 'n inkomste versamel by hierdie punte. Die dissipelskapaksiegroep reik uit na hierdie groepe om die Woord aan hulle bekend te maak en te bedien.

Die Evangelisasiekommissie gaan vandag meer inligting deurgee oor hierdie aksies en persone sal na die diens beskikbaar wees in die voorportaal vir meer inligting en om vrae te beantwoord. Kom beleef dit!

**Administrateur en fasiliteerders benodig vir Mukhanyo Afstandsonderrig– Centurion**

Ons benodig 'n administrateur wat die administrasie van die afstandsonderrig kan behartig, asook 'n span fasiliteerders. Daar is tans sewe studente en een tutor wat betrokke is by die leerproses. Volledige besonderhede tov die poste is op die kennisgewingbord.

Kontak Eddy Niezen (0834552760) of
Rika Pretorius (0825597705)

Covenant College Zambia Trust
Pastor Training | Farm Training | Teacher Training

**GK Centurion Uitreik**
**26 Jun - 7 Jul 2019**

Kom wees deel van die uitreik na Covenant College, Zambië.
Die hoofdoel van die uitreik is die opgradering van 3 chalets wat gebruik word vir besoekende dosente en ander gaste.
Brosjure met volle besonderhede is voor in die kerk by die hoofingang.
Kontak Attie van der Walt (0824935328) of
Eddy Niezen (0834552760)